

Maandag 19 April

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9

Fokusgedeelte: Filippense 4:5

Die Here is naby!

'n Mens voel mos dis absoluut onmoontlik om jou daaglikse bekommernisse te bowe te kom. Die bekommernisse verhinder dat jy dinge in helder, klare perspektief sien. Dis asof jy met die warm, vogtige asem van bekommernisse en angstigheid op 'n teleskoop lens blaas en dan, wanneer jy die lens voor jou oog plaas, sien jy niks buite wasigheid nie. Jou sig is belemmer. Ai, hoe onmoontlik is dit tog – om bekommernisse te oorwin!

En tog is dit moontlik – kyk wat sê die Here in Filippense 4: Neem net 'n doelbewuste besluit om jou bekommernisse een-vir-een te vervang met iets anders. Sit iets anders as plaasvervangers in hulle plek! Sit GEBED in hulle plek! Indien jou bekommernisse baie is, laat jou gebede ook baie word. Draai elke sorg óm in 'n gebed.

Dalk dink jy nou: Bid!? Wie weet dit nou nie! Dit is geen verrassing nie. En, die meeste van die tyd werk dit tog in elk geval nie! En dis boonop moeilik en swaar om te bid as ek swaar kry.

Paulus benader egter die saak op 'n ánder manier. Vir hom is “bid” nie “somer maar net bid” - die laaste uitweg nadat alle ander planne misluk het - nie! Nie net half deur die slaap 'n paar sinnetjie aframmel teen slapenstyd nie. Dit is vir Paulus ook nie 'n swaar las, 'n blok aan die been nie. Vir hom is gebedsvertroue die enigste manier van oorwinnend lewe! Byna soos asemhaling. Dit is so oorwinnend: om hulpeloos afhanklik te mag wees.

Kyk net bietjie wat staan in vers 5: Die Here IS naby! Voordat Paulus oor gebed praat, stel hy eers die feit/belofte: Die Here IS naby. Juis daarom mag jy bid! Of jy Hom met alles vertrou of nie, Hy IS naby! Wat 'n vreugde!!
Sing: Lied 163

Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)